REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Vol. 525 Cape Town, Kaapstad, 10 March Maart 2009 No. 31999

THE PRESIDENCY

No. 277 10 March 2009

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

No. 4 of 2009: Broadcasting Amendment Act, 2009.

DIE PRESIDENSIE

No. 277 10 Maart 2009

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 4 van 2009: Uitsaaiwysigingswet, 2009.

EXPLANATORY NOTE:

[ ] Words between brackets, in bold print, indicate omissions from current provisions.

Words underlined indicate new insertions.

(English text signed by the President.)
(Assented to 6 March 2009.)

ACT

To amend the Broadcasting Act, 1999, so as to delete "frequency planning" as one of the fields of qualifications, expertise and experience which the members of the Board of the South African Broadcasting Corporation Limited must have when viewed collectively; to provide for the removal of a member of the Board from office and for the resignation of a member; to make provision for a resolution of the National Assembly calling for the removal of a member and for the dissolution of the Board; to provide for the appointment of an interim board; and to provide for matters connected therewith.

BE IT ENACTED by Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 13 of Act 4 of 1999, as amended by section 14 of Act 64 of 2002

1. Section 13 of the Broadcasting Act, 1999, is hereby amended by the substitution in subsection (4) for paragraph *(a)* of the following paragraph:

"*(a)* be persons who are suited to serve on the Board by virtue of their qualifications, expertise and experience in the fields of broadcasting policy and technology, broadcasting regulation, media law, **[frequency planning,]** business practice and finance, marketing, journalism, entertainment and education, social and labour issues.".

Substitution of section 15 of Act 4 of 1999

2. The following section is hereby substituted for section 15 of the Broadcasting Act, 1999:

"**Removal from office and resignation of member**

15. (1) The appointing body—

(a) may remove a member from **[the]** office on account of misconduct or inability to perform his or her duties efficiently after due inquiry and upon recommendation by the Board; or

(b) must remove a member from office after a finding to that effect by a committee of the National Assembly and the adoption by the National Assembly of a resolution calling for that member's removal from office in terms of section 15A.

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[ ] Woorde tussen vierkantige hakies in vet druk toon skrappings uit bestaande verordenings aan.

Woorde met 'n volstreep daaronder dui invoegings in bestaande verordenings aan.

(Engelse teks deur die President geteken.)
(Goedgekeur op 6 Maart 2009.)

WET

Tot wysiging van die Uitsaaiwet, 1999, ten einde "frekwensiebeplanning" te skrap as een van die terreine van kwalifikasies, kundigheid en ervaring waaroor die lede van die Raad van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie Beperk moet beskik wanneer hulle gesamentlik beoordeel word; voorsiening te maak vir die ampsverwydering van 'n lid van die Raad en vir die bedanking van 'n lid; voorsiening te maak vir 'n resolusie van die Nasionale Vergadering waarin gevra word om die verwydering van 'n lid en vir die ontbinding van die Raad; voorsiening te maak vir die aanstelling van 'n tussentydse raad; en voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 13 van Wet 4 van 1999, soos gewysig deur artikel 14 van Wet 64 van 2002

1. Artikel 13 van die Uitsaaiwet, 1999, word hierby gewysig deur in subartikel (4) paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* persone wees wat geskik is om in die Raad te dien uit hoofde van hulle kwalifikasies, kundigheid en ervaring op die terrein van uitsaaibeleid en -tegnologie, regulering van die uitsaaiwese, mediareg, **[frekwensiebeplanning,]** sakepraktyk en finansies, bemarking, joernalistiek, vermaaklikheidswese en opvoedkundige, sosiale en arbeidsaangeleenthede;".

Vervanging van artikel 15 van Wet 4 van 1999

2. Artikel 15 van die Uitsaaiwet, 1999, word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**Ontheffing uit amp en bedanking van lid**

15. (1) Die aanstellingsliggaam—

(a) kan, na behoorlike ondersoek en op aanbeveling van die Raad, 'n lid uit die amp onthef op grond van wangedrag of onvermoë om sy of haar pligte doeltreffend uit voer; of

(b) moet 'n lid uit die amp verwyder na 'n bevinding tot daardie effek deur 'n komitee van die Nasionale Vergadering en die aanvaarding deur die Nasionale Vergadering van 'n resolusie wat om die ampsverwydering van daardie lid ingevolge artikel 15A vra.

(2) A non-executive member of the Board may resign by three months' written notice addressed to the appointing body, provided that the appointing body may on good cause shown allow a shorter period.".

Insertion of section 15A in Act 4 of 1999

3. The following section is hereby inserted in the Broadcasting Act, 1999, after section 15:

"**Resolution for removal of member, dissolution of Board and appointment of interim Board**

15A. (1) *(a)* The National Assembly may, after due inquiry and by the adoption of a resolution, recommend the removal of a member from office on account of any or all of the following:

(i) Misconduct;

(ii) inability to perform the duties of his or her office efficiently;

(iii) absence from three consecutive meetings of the Board without the permission of the Board, except on good cause shown;

(iv) failure to disclose an interest in terms of section 17 or voting or attendance at, or participation in, proceedings of the Board while having an interest contemplated in section 17; and

(v) his or her becoming disqualified as contemplated in section 16.

(b) The National Assembly may, after due inquiry and by the adoption of a resolution, recommend the dissolution of the Board if it fails in any or all of the following:

(i) Discharging its fiduciary duties;

(ii) adhering to the Charter; and

(iii) carrying out its duties as contemplated in section 13(11).

(2) The appointing body—

(a) may suspend a member from office at any time after the start of the proceedings of the National Assembly for the removal of that member;

(b) must act in accordance with a recommendation contemplated in subsection (1) within 30 days;

(c) must dissolve the Board if the resolution recommends the removal of all the members of the Board.

(3) *(a)* Upon the dissolution of the Board contemplated in subsection (2)*(c)*, the appointing body must appoint an interim Board consisting of the persons referred to in section 12*(b)* and five other persons recommended by the National Assembly.

(b) The interim Board must be appointed within 10 days of receiving such recommendations and is appointed for a period not exceeding six months.

(4) The appointing body, on the recommendation of the National Assembly, must designate one of the members of the interim Board as the chairperson and another member as the deputy chairperson, both of whom must be non-executive members of the interim Board.

(5) A quorum for any meeting of the interim Board is six members.".

Short title

4. This Act is called the Broadcasting Amendment Act, 2009.

(2) 'n Nie-uitvoerende lid van die Raad kan by drie maande skriftelike kennisgewing gerig aan die aanstellingsliggaam bedank, met dien verstande dat die aanstellingsliggaam by voorlegging van gegronde rede 'n korter tydperk kan toelaat.".

Invoeging van artikel 15A in Wet 4 van 1999

3. Die volgende artikel word hierby in die Uitsaaiwet, 1999, na artikel 15 ingevoeg:

"**Resolusie vir verwydering van lid, ontbinding van Raad en aanstelling van tussentydse Raad**

15A. (1) *(a)* Die Nasionale Vergadering kan, na behoorlike ondersoek en deur die aanvaarding van 'n resolusie, die ampsverwydering van 'n lid aanbeveel weens enige van of al die volgende:

(i) Wangedrag;

(ii) onvermoë om die pligte van sy of haar amp doeltreffend uit te voer;

(iii) afwesigheid van drie agtereenvolgende vergaderings van die Raad sonder die toestemming van die Raad, tensy gegronde rede voorgelê kan word;

(iv) versuim om 'n belang ingevolge artikel 17 bekend te maak of stemming in of bywoning van of deelname aan die verrigtinge van die Raad terwyl hy of sy 'n belang beoog in artikel 17 het; en

(v) indien hy of sy gediskwalifiseer raak soos beoog in artikel 16.

(b) Die Nasionale Vergadering kan, na behoorlike ondersoek en deur die aanvaarding van 'n resolusie, die ontbinding van die Raad aanbeveel indien die Raad enige van of al die volgende nalaat:

(i) Nakoming van sy fidusiëre pligte;

(ii) voldoening aan die Stigtingsakte; en

(iii) uitvoering van sy pligte beoog in artikel 13(11).

(2) Die aanstellingsliggaam—

(a) kan te eniger tyd na die aanvang van die verrigtinge van die Nasionale Vergadering vir die verwydering van 'n lid daardie lid in die amp skors;

(b) moet binne 30 dae in ooreenstemming met 'n aanbeveling beoog in subartikel (1) handel;

(c) moet die Raad ontbind indien die resolusie die verwydering van al die lede van die Raad aanbeveel.

(3) *(a)* Die aanstellingsliggaam moet by die ontbinding van die Raad beoog in subartikel (2)*(c)* 'n tussentydse Raad aanstel wat uit die persone bedoel in artikel 12*(b)* en vyf ander persone deur die Nasionale Vergadering aanbeveel, bestaan.

(b) Die tussentydse Raad moet binne 10 dae na ontvangs van sodanige aanbevelings aangestel word en word vir 'n tydperk van hoogstens ses maande aangestel.

(4) Die aanstellingsliggaam moet, op aanbeveling van die Nasionale Vergadering, een van die lede van die tussentydse Raad as voorsitter aanwys en 'n ander lid as adjunkvoorsitter, en albei die lede moet nie-uitvoerende lede van die tussentydse Raad wees.

(5) Ses lede maak 'n kworum vir 'n vergadering van die tussentydse Raad uit.".

Kort titel

4. Hierdie Wet heet die Uitsaaiwysigingswet, 2009.